# Krag van die Nuwe Lewe: VRYGESPREEK(DEEL 1)

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Die kruisging en opstanding van Jesus is die begin van ons as Christene se storie. Dit het vir elkeen van ons 'n nuwe lewe voorsien waarin totaal en al nuut gemaak word. In die reeks kyk ons na 3 beginsels waarin ons nuut gemaak is. Hierdie beginsels is nie voorwaardes tot 'n nuwe lewe nie maar waarhede oor 'n nuwe lewe in Jesus.**

**Bestudeer Johannes 11:25-26 en bespreek wat Jesus hier verduidelik en praat spesifiek oor watter impak hierdie waarheid in jou lewe sal hê as jy die glo!**

Kyk na die volgende 3 waarhede wat vir ons krag beteken in die Nuwe Lewe van Jesus. Lees en bespreek dan ook hoe hierdie waarhede vir my en jou 'n Nuwe Lewe beteken.

### 1. Ons word Vergewe (Skoon gewas)

**Hebreërs 10:10-18 ; Psalm 103:8-13 ; 1 Johannes 1:9**

## 2. Ons word Vrygespreek (Los gemaak van die skuld van Sonde)

**2 Korintiërs 5:21 ; Romeine 3:21-26 ; Romeine 1:16-17 ; Romeine 4:23-25**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

## 3. Ons word Geregtig verklaar (Bekleë met Jesus)

**Romeine 5:1-2 ; Romeine 5:18-19 ; Titus 3:5-8**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**Die vraag waaroor ons moet top, is hoe beinvloed hierdie geskenke en waarhede in Jesus, hoe ek elke dag leef? Wat behoort my en jou reaksie te wees op die Nuwe Lewe wat Jesus vir my en jou skenk?**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

**In Jesus se woorde, behoort ons reaksie te wees om Heilig te leef soos Jesus Heilig is. Bestudeer en bespreek die volgende gedeeltes en hoe dit ons moet rig in hoe ons moet leef:**

**Titus 2:11-13 ; Efesiërs 4:21-24 ; Ephesians 6:13-14 ; Romeine 12:1**

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

# Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

# Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**